



# GEBED TOT ONSE LIEWE VROU VAN FATIMA

Onse Liewe Vrou van Fatima,  
Moeder van elke individu en alle volke,  
u ken ons ellende en ons hoop.  
In u moederhart voel u al die stryd  
tussen goed en kwaad, tussen lig en duisternis,  
waarmee ons wêreld worstel.  
Aanvaar ons hulpgeroep  
wat ons in die Heilige Gees tot u hart rig,  
en koester ons met die liefde van die Moeder  
en Diensmaagd van die Here.  
Neem, o Moeder, die hele menslike familie,  
wat ons aan u sorg toevertrou,  
onder u moederlike bewaring.  
Mag daar vir ons almal 'n tyd van vrede en vryheid,  
'n tyd van waarheid, van geregtigheid en hoop aanbreek.  
Amen.  
(Hierdie gebed is deur die heilige pous Johannes Paulus II geskryf  
toe hy die derde deel van die geheim van Fatima bekend gemaak het).